2. Niemand mag binne die munisipaliteit meer as 3 honde wat 6 maande oud of ouer is, aanhou nie. Elke sodanige hond moet by die munisipale kantoor geregistreer word en 'n lisensie en 'n metaalplaatjie moet op die wyse hierna bepaal, ten opsigte van elke sodanige hond verkry word."

PB. 2-4-2-33-71

Administrator's Notice 435 6 April, 1977

VEREENIGING MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR STUDY LOANS FROM THE BURSARY FUND.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws for Study Loans From the Bursary Fund of the Vereeniging Municipality, published under Administrator's Notice 946, dated 24 December 1958, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 1 for the definition of "institution" of the following:

" 'institution' means one of the institutions referred to in section 79(17) of the Local Government Ordinance, 1939, and a high school, training college and training school as defined in the Coloured Persons Education Act, 1963 (Act 47 of 1963)."

PB. 2-4-2-121-36

Administrateurskennisgewing 435 6 April 1977

MUNISIPALITEIT VEREENIGING: WYSIGING VAN VERORDENINGE TEN OPSIGTE VAN STUDIELENINGS UIT DIE BEURSFONDS.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van die genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge ten Opsigte van Studielenings uit die Beursfonds van die Munisipaliteit Vereeniging, afgekondig by Administrateurskennisgewing 946 van 24 Desember 1958, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 1 die omskrywing van "inrigting" deur die volgende te vervang:

" 'inrigting', een van die instellings genoem in artikel 79(17) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, en 'n hoërskool, opleidingskollege en opleidingskool soos omskryf in die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet 47 van 1963)."

PB. 2-4-2-121-36

Administrator's Notice 436 6 April, 1977

VEREENIGING MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DOGS AND DOG TAX BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Dogs and Dog Tax By-laws of the Vereeniging Municipality, published under Administrator's Notice 186, dated 12 March 1958, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the deletion in section 1 in the definition of a "taxpayer" of the words "and metal badge".

2. By the deletion in section 2 of the words "and a metal badge".

3. By the deletion in section 6 —

(a) in the heading of the words "and Badge";

(b) of paragraph (b) of subsection (1); and

(c) in subsection (2) of the words "and every metal badge".

4. By the deletion in section 7 —

(a) in the heading of the words "and Badges"; and

(b) of the words "or badge".

5. By the substitution in section 9 for the expression "2, 5 and 10" of the expression "2 and 5".

6. By the deletion of section 10.

7. By the deletion in section 12(1) of the expression "or which is without a metal badge upon his collar,".

8. By the deletion of sections 15 and 21.

P.B. 2-4-2-33-36

Administrateurskennisgewing 436 6 April 1977

MUNISIPALITEIT VEREENIGING: WYSIGING VAN HONDE- EN HONDEBELASTINGVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Honde- en Hondebelastingverordeninge van die Munisipaliteit Vereeniging, afgekondig by Administrateurskennisgewing 186 van 12 Maart 1958, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 1 in die woordomskrywing van "belastingbetaler" die woorde "en 'n metaalkenteken" te skrap.

2. Deur in artikel 2 die woorde "en 'n metaalkenteken" te skrap.

3. Deur in artikel 6 —

(a) in die opskrif die woorde "en kenteken" te skrap;

(b) paragraaf (b) van subartikel (1) te skrap; en

(c) in subartikel (2) die woorde "en van iedere metaalkenteken" te skrap.

4. Deur in artikel 7 —

(a) in die opskrif die woorde "en duplikaat kentekens" te skrap; en

(b) die woorde "of kenteken" te skrap.

5. Deur in artikel 9 die uitdrukking "2, 5 en 10" deur die uitdrukking "2 en 5" te vervang.

6. Deur artikel 10 te skrap.

7. Deur in artikel 12(1) die uitdrukking "of wat nie 'n metaalkenteken aan sy halsband het nie," te skrap.

8. Deur artikels 15 en 21 te skrap.

P.B. 2-4-2-33-36

Administrator's Notice 437 6 April, 1977

VERWOERDBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO LIBRARY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Library By-laws of the Verwoerdburg Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 905, dated 23 November 1966, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in sections 1 and 2(8) and (9) for the word "organizer", wherever it occurs, of the word "Director".

2. By the substitution in section 6 for the words "not less than five cents" of the words "ten cents" and the deletion of the proviso thereto.

PB. 2-4-2-55-93

Administrateurskennisgewing 437 6 April 1977

MUNISIPALITEIT VERWOERDBURG: WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Biblioteekverordeninge van die Munisipaliteit Verwoerdburg, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 905 van 23 November 1966, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikels 1 en 2(8) en (9) die woord "organisator", waar dit ook al voorkom, deur die woord "Direkteur" te vervang.

2. Deur in artikel 6 die woorde "minstens vyf sent" deur die woorde "tien sent" te vervang, en die voorbehoudsbepaling daarby te skrap.

PB. 2-4-2-55-93

Administrator's Notice 438 6 April, 1977

VEREENIGING MUNICIPALITY: PARKING GROUNDS BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

PART I.

*Definitions.*

1. For the purpose of these by-laws, unless the context otherwise indicates —

"authorized employee" means any employee of the Council employed in the Traffic Department and appointed by the Chief Traffic Officer to control parking in parking grounds and admission thereto;

"Council" means the Town Council of Vereeniging and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance No. 40 of 1960);

"demarcated space" means a space within which a vehicle is to be parked in terms of these by-laws, demarcated by means of one or more white lines upon the surface of a parking ground or a floor thereof;

"parking ground" means any area of land or any building set aside by the Council as a parking ground or garage for the parking of vehicles therein by members of the public, whether or not charges are prescribed by these by-laws for the use thereof;

"parking meter" means a device for automatically registering and visibly recording the passage of time in accordance with the insertion of a coin therein and includes any post or fixture to which it is attached;

Administrateurskennisgewing 438 6 April 1977

MUNISIPALITEIT VEREENIGING: PARKEERTERREINVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

DEEL I.

*Woordomskrywing.*

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy dit uit die sinsverband anders blyk, beteken —

"afgebakende ruimte" 'n ruimte wat met een of meer wit strepe op die oppervlak van 'n parkeerterrein of van 'n verdieping daarvan afgemerk is en waarin 'n voertuig ingevolge die bepalings van hierdie verordeninge geparkeer moet word;

"gemagtigde werknemer" enige werknemer van die Raad in diens by die Verkeersafdeling en daartoe deur die Verkeershoof aangewys om parkering in parkeerterreine en toegang daartoe te reël;

"parkeermeter" 'n toestel wat die tydsverloop outomaties registreer en sigbaar aandui volgens die muntstuk wat daarin geplaas is, en dit sluit in enige paal of vaste voorwerp waaraan dit gemonteer is;

"parkeermeterterrein" 'n parkeerterrein of 'n gedeelte daarvan waar parkering deur middel van parkeermeters gereël word;

"parkeertermyn" die tydperk wat 'n voertuig op een dag in of op 'n parkeerterrein geparkeer kan word, soos dit by Bylae I hierby voorgeskryf word;

"parkeerterrein" 'n stuk grond of 'n gebou wat die Raad as 'n parkeerterrein of -garage waar lede van die publiek voertuie kan parkeer, afgesonder het, of daar nou al gelde vir die gebruik daarvan by hierdie verordeninge voorgeskryf word, al dan nie;

"parking-meter parking ground" means a parking ground or any part thereof the parking in which is controlled by means of parking meters;

"parking period" means the period on any one day during which vehicles are permitted to park in a parking ground as prescribed in Schedule I hereto;

"pound" means any area or place set aside by the Council for the custody of vehicles removed from a parking ground in terms of these by-laws;

"sub-period" means —

(a) a portion of a parking period for which charges shall be made in accordance with the tariff prescribed in Schedule II hereto;

(b) in relation to a sportsground parking ground, the period beginning three hours before and ending one hour and a half after any sporting event held in the sportsground concerned for which the Council decides that charges shall be payable for parking; and

(c) in relation to a parking-meter parking ground the period of parking which is permitted on the insertion into a parking meter of such coin as is prescribed therefor in Parts B and C of Schedule II hereto;

"vehicle" means any self-propelled device designed or adapted to travel on three or four wheels and used for the purpose of conveying persons or goods.

2. The charges payable for the use of parking grounds shall be as prescribed in Schedule II hereto.

## PART II.

## TICKET-CONTROLLED PARKING GROUNDS.

*Conditions of Parking.*

3.(1) No person shall park a vehicle or cause or permit a vehicle to be parked or allow it to be or to remain in a parking ground wherein parking is controlled by the issue of tickets —

(a) otherwise than in a demarcated space and in compliance with such direction as may be given by an authorized employee or where no such spaces have been marked, otherwise than such a place as an authorized employee may indicate;

(b) after an authorized employee has indicated to him that the parking ground is full; or

(c) after the expiry of the parking period prescribed in Schedule I hereto.

(2)(a) No person shall remove or cause or permit the removal of any vehicle parked in a parking ground, unless and until such person has produced to an authorized employee a ticket authorizing such person to park in such parking ground and which was issued to him upon entering the parking ground, and unless such person has paid to an authorized employee the charge then

"Raad" die Stadsraad van Vereeniging en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is;

"skut" enige gebied of plek wat deur die Raad afgesonder is vir die bewaring van voertuie wat ingevolge hierdie verordeninge van 'n parkeerterrein verwyder is;

"subparkeertermyn" —

(a) 'n gedeelte van 'n parkeertermyn waarvoor daar afsonderlike parkeergeld by Bylae II hierby voorgeskryf word;

(b) in die geval van sportparkeerterreine, die tydperk wat drie uur voor die aanvang van 'n sportbyeenkoms op die betrokke sportterrein ten opsigte waarvan die Raad besluit dat daar parkeergeld gevorder moet word, begin en anderhalf uur na afloop daarvan eindig, en

(c) in die geval van 'n parkeermeterterrein, die tydperk wat iemand 'n voertuig daar kan parkeer nadat hy die toepaslike muntstuk wat by Dele B en C van Bylae II hierby voorgeskryf word, in die parkeermeter geplaas het;

"voertuig" 'n selfaangedrewe toestel wat ontwerp of ingerig is om op drie of vier wiele te loop, en wat gebruik word om mense of goedere mee te vervoer.

2. Die gelde vir die gebruik van parkeerterreine word by Bylae II hierby voorgeskryf.

## DEEL II.

## PARKEERTERREINE WAAR PARKEERKAARTJIES UITGEREIK WORD.

*Parkeervoorwaardes.*

3.(1) Niemand mag 'n voertuig in 'n parkeerterrein waar parkering deur middel van parkeerkaartjies beheer word, parkeer of laat parkeer of toelaat dat dit geparkeer of daar laat staan word nie —

(a) tensy die voertuig in 'n afgebakende ruimte en volgens die aanwysing van 'n gemagtigde werknemer geparkeer word of as daar nie sulke ruimtes afgebaken is nie, op 'n plek wat 'n gemagtigde werknemer aanwys;

(b) nadat 'n gemagtigde werknemer hom daarvan verwittig het dat die parkeerterrein vol is;

(c) na verstryking van die parkeertermyn in Bylae I hierby voorgeskryf.

(2)(a) Niemand mag enige voertuig wat in 'n parkeerterrein geparkeer is, verwyder of laat verwyder of toelaat dat dit verwyder word tensy so 'n persoon aan die gemagtigde werknemer 'n kaartjie getoon het wat hom magtig om op die parkeerterrein te parkeer en wat aan hom uitgereik is by sy binnegaan van die parkeerterrein, en tensy sodanige persoon aan die gemagtigde werknemer die geld wat asdan verskuldig is ingevolge die tarief in Bylae II hierby voorgeskryf, betaal het nie: Met dien verstande dat waar so 'n persoon versuim om 'n kaartjie te toon wat hom magtig

*Parking After End of Period.*

6.(1) When a vehicle is left in a parking ground during the intervening period between one parking period and the next, a sum equal to twice the minimum charge payable for a whole parking period in that ground shall be paid in respect of each such intervening period and, in addition, the prescribed charges in respect of the second and any subsequent parking period during any part of which the vehicle remains in the parking ground shall be paid.

(2) No person shall remove a vehicle from a parking ground without first having paid all charges which have accrued in terms of the provisions of subsection (1).

*Monthly Tickets.*

7.(1) Notwithstanding anything to the contrary in these by-laws contained, the Council may in respect of any parking ground controlled by the issue of tickets issue at the charge prescribed in Part A of Schedule II hereto a ticket entitling the holder for one calendar month or any lesser period stated therein, to park a specified vehicle in that ground at the times stated in the ticket, if space is available, and such a ticket shall not be transferred to any other person.

(2) The Council may issue to any of its officers a ticket entitling the holder, when using a vehicle on the business of the Council, to park it free of charge in such parking ground as the ticket may specify, if space therein is available.

(3) A ticket issued in terms of subsection (1) or subsection (2) shall be affixed by the holder thereof to the vehicle in respect of which it is issued in such manner and place that its written or printed context is readily legible from the outside of such vehicle.

*Vehicles of Excessive Size.*

8.(1) Unless the Council indicates the contrary in a notice which shall be displayed at the entrance to a parking ground, no vehicle which with any load exceeds 6 m in length shall be parked in a parking ground.

(2) Where the parking of a vehicle which with any load exceeds 6 m in length is by notice permitted, the charge payable for such parking shall, where the said total length exceeds 6 m but does not exceed 7,5 m, be twice the charge prescribed for an ordinary vehicle in terms of Schedule II hereto and, where that total length exceeds 7,5 m, three times such charge.

## PART III.

## PARKING-METERS PARKING GROUNDS.

*Place of Parking.*

9.(1) No person shall park or cause or permit any vehicle to be parked or allow a vehicle to be or remain in a parking-meter parking ground otherwise than in a demarcated space.

(2) Every demarcated space shall be provided with a parking-meter.

*Parkering nadat Parkeertermyn verstryk het.*

6.(1) As 'n voertuig gedurende die tydperk tussen een parkeertermyn en die volgende een in of op 'n parkeerterrein, gelaat word, moet 'n bedrag gelykstaande met twee keer die minimumgeld wat vir 'n volle parkeertermyn by dié terrein gevorder word ten opsigte van elke sodanige tussentydperk betaal word, en daarbenewens moet die voorgeskrewe gelde ten opsigte van die tweede en enige daaropvolgende parkeertermyn tydens 'n gedeelte waarvan die voertuig in die parkeerterrein bly, betaal word.

(2) Niemand mag 'n voertuig uit of van 'n parkeerterrein verwyder voordat hy alle gelde wat ingevolge die bepalings van subartikel (1) opgeloop het, betaal het nie.

*Maandkaartjies.*

7.(1) Ondanks enige strydige bepaling van hierdie verordeninge, kan die Raad ten opsigte van enige parkeerterrein waar parkeerkaartjies teen die bedrag ooreenkomstig Deel A van Bylae II hierby uitgereik word, 'n kaartjie uitreik wat aan die houer daarvan die reg gee om 'n kalendermaand lank of sodanige korter tydperk wat op die kaartjie aangegee word, 'n bepaalde voertuig op die tye wat op die kaartjie aangegee word, in of op dié terrein te parkeer, mits daar ruimte beskikbaar is, en sodanige kaartjie mag nie aan iemand anders oorgedra word nie.

(2) Die Raad kan aan enigeen van sy beamptes 'n kaartjie uitreik wat aan die houer daarvan die reg gee om wanneer hy 'n voertuig in die uitvoering van sy ampspligte gebruik, dié voertuig kosteloos in of op dié parkeerterrein wat op die kaartjie aangegee word, te parkeer mits daar ruimte beskikbaar is.

(3) Die houer van 'n kaartjie wat kragtens subartikel (1) of subartikel (2) uitgereik is, moet dit op so 'n wyse en op so 'n plek aan die voertuig ten opsigte waarvan dit uitgereik is aanbring dat die geskrewe of gedrukte inhoud daarvan duidelik van die buitekant van die voertuig af leesbaar is.

*Uitermate Groot Voertuie.*

8.(1) Voertuie wat met 'n vrag daarop, langer as 6 m is, mag nie in of op 'n parkeerterrein geparkeer word nie, tensy die Raad by wyse van 'n kennisgewing wat by die ingang van die parkeerterrein aangebring is, anders bepaal.

(2) Indien die parkering van voertuie wat saam met 'n vrag daarop, langer as 6 m is, by kennisgewing toegelaat word, is die parkeergeld twee keer die bedrag wat vir 'n gewone voertuig ingevolge Bylae II hierby, voorgeskryf word, as genoemde totale lengte groter as 6 m maar nie groter as 7,5 m is nie, en drie keer sodanige bedrag as die totale lengte 7,5 m oorskry.

## DEEL III.

## PARKEERMETERTERREINE.

*Waar Voertuig Moet Staan.*

9.(1) Niemand mag 'n voertuig op 'n parkeermeterterrein parkeer of laat parkeer of toelaat dat dit daar geparkeer word of daar staan nie, tensy dit in 'n afgebakende ruimte geparkeer word.

(2) Daar moet by elke afgebakende ruimte 'n parkeermeter aangebring word.

*Conditions of Parking.*

10.(1) No person shall park any vehicle, or cause any vehicle to be parked, in any demarcated space in a parking-meter parking ground unless there is at the same time inserted by him or on his behalf in the parking-meter allocated to that space a coin in terms of subsections (2) and (3): Provided that —

(a) subject to subsection (4), it shall be lawful without such payment to park a vehicle in a vacant demarcated space for such part and such part only of any sub-period as the parking meter may indicate to be unexpired; and

(b) where a person has ascertained that the parking meter in any demarcated space is not operating or not operating properly he shall, subject to the provision of subsection (5), be entitled to leave a vehicle in that space without inserting a coin in terms of this subsection.

(2) The insertion of a prescribed coin in a parking-meter shall entitle the person inserting it to park a vehicle in the appropriate demarcated space for the period corresponding with the payment so made.

(3) The sub-periods during which a vehicle may be parked in any demarcated space and the coin or coins to be inserted in respect of such periods in the parking-meter allocated to any such space shall be as prescribed in Parts B and C of Schedule II hereto and the said sub-periods and the coins to be inserted in respect thereof shall be at all times clearly indicated on the parking-meter itself.

(4) Subject to the provisions of subsection (5) it shall be unlawful either with or without the insertion of a fresh coin in the parking-meter to leave any vehicle in a demarcated space after the expiry of a sub-period as indicated by the parking-meter or to return the vehicle to that space within fifteen minutes of that expiry or after that expiry to obstruct the use of that space by any other vehicle.

(5) If the Council causes to be displayed in conjunction with a demarcated space a notice prescribing a maximum period for continuous parking therein different from that specified by the parking-meter it shall be lawful, subject to the provisions of subsections (1) and (3), to park a vehicle in that space for the period so prescribed or for any shorter period, but it shall be unlawful so to park it for any period in excess of the prescribed period.

(6) Upon evidence that a vehicle was in a demarcated space at a time when the parking-meter relating thereto did not indicate an unexpired portion of a sub-period, it shall be presumed, unless and until proved to the contrary, that the person who parked the vehicle in such space had inserted a coin in the parking-meter and that the sub-period to which such coin related has expired.

*Offences Relating to Parking-meters.*

11. No person shall —

(a) insert or attempt to insert into a parking-meter any coin other than a coin of South African currency

*Parkeervoorwaardes.*

10.(1) Niemand mag 'n voertuig in 'n afgebakende ruimte op of in 'n parkeermeterterrein parkeer of laat parkeer nie, tensy hy of iemand anders namens hom, op die tydstip 'n muntstuk ingevolge subartikels (2) en (3) in die parkeermeter plaas wat vir die ruimte bedoel is: Met dien verstande dat —

(a) dit, behoudens die bepalings van subartikel (4), wettig is om 'n voertuig in 'n leë afgebakende ruimte te parkeer gedurende 'n subparkeertermyn wat volgens die parkeermeter nog onverstreke is, sonder om die voorgeskrewe bedrag te betaal, maar dan net gedurende die onverstreke gedeelte van die subparkeertermyn; en

(b) indien iemand vasgestel het dat die parkeermeter by 'n afgebakende ruimte nie werk nie, of nie behoorlik werk nie, hy, behoudens die bepalings van subartikel (5), die reg het om 'n voertuig in die ruimte te laat staan sonder om 'n muntstuk ingevolge hierdie subartikel in die parkeermeter te plaas.

(2) Wanneer iemand 'n voorgeskrewe muntstuk in 'n parkeermeter geplaas het, het hy die reg om 'n voertuig gedurende die termyn wat deur die bedrag wat hy aldus betaal het, gedek word, in die toepaslike afgebakende ruimte te parkeer.

(3) Die subparkeertermyne waartydens 'n voertuig in 'n afgebakende ruimte geparkeer kan word en die muntstuk of muntstukke wat ten opsigte van sodanige termyne in die parkeermeter wat vir sodanige ruimte bedoel is, geplaas moet word by Dele B en C van Bylae II hierby voorgeskryf, en genoemde subparkeertermyne en die muntstukke wat ten opsigte daarvan in die meter geplaas moet word, moet te alle tye duidelik op die parkeermeter self aangegee word.

(4) Niemand mag, behoudens die bepalings van subartikel (5), of hy nou al opnuut 'n muntstuk in die parkeermeter geplaas het of nie, 'n voertuig in 'n afgebakende ruimte laat staan nadat die subparkeertermyn volgens die parkeermeter verstryk het, of die voertuig binne vyftien minute nadat die subparkeertermyn verstryk het, verhoed dat 'n ander voertuig daar geparkeer word nie.

(5) Indien die Raad ten aansien van 'n afgebakende ruimte 'n kennisgewing laat aanbring waarby 'n maksimumtydperk van ononderbroke parkering voorgeskryf word wat verskil van die wat op die parkeermeter self aangegee is, mag 'n voertuig, behoudens die bepalings van subartikels (1) en (3), vir die tydperk wat aldus voorgeskryf is of 'n korter tydperk in die afgebakende ruimte geparkeer word mits dit nie langer as die voorgeskrewe tydperk daar geparkeer word nie.

(6) Indien daar bewys daarvoor is dat 'n voertuig in 'n afgebakende ruimte gestaan het op 'n tydstip toe daar volgens die parkeermeter by die ruimte nie 'n onverstreke gedeelte van 'n subparkeertermyn oor was nie, bestaan daar 'n weerlegbare vermoede dat die persoon wat die voertuig in sodanige ruimte parkeer het, 'n muntstuk in die parkeermeter geplaas het en dat die subparkeertermyn wat deur sodanige muntstuk gedek is, verstryk het.

*Misdrywe met Betrekking tot Parkeermeters.*

11. Niemand mag —

(a) 'n ander muntstuk as 'n geldige Suid-Afrikaanse muntstuk met die nominale waarde wat by Dele

of a denomination prescribed in Parts B and C of Schedule II hereto;

(b) insert or attempt to insert into a parking-meter any false or counterfeit coin or any foreign object;

(c) tamper with, damage or deface or write or draw on, or affix any handbill, poster, placard or other document, whether or not of an advertising nature, to a parking-meter, other than an advertisement of which the Council has specifically approved for that purpose;

(d) in any way whatsoever cause or attempt to cause a parking-meter to record the passage of time otherwise than by the insertion of a prescribed coin;

(e) jerk, knock, shake or in any way agitate or interfere with a parking-meter which is not working properly or at all in order to make it do so or for any other purpose;

(f) remove or attempt to remove a parking-meter or any part thereof from the post or other fixture to which it is attached.

*Proof of Time.*

12. The passage of time as recorded by a parking-meter shall be deemed to be correct unless and until the contrary be proved and the burden of so proving shall be on the person alleging that the parking-meter has recorded inaccurately.

PART IV.

MISCELLANEOUS.

*Closure of Parking Grounds.*

13.(1) Notwithstanding anything to the contrary in these by-laws contained, the Council may at any time close any parking ground or portion thereof temporarily or permanently and shall indicate the fact and the period of such closure by notice displayed at the entrances to the ground closed or at the portion closed, as the case may be.

(2) No person shall introduce a vehicle into or park or cause or permit a vehicle to be parked or to remain in any parking ground or portion of a parking ground while it is closed in terms of subsection (1).

*Responsibility for Offence.*

14. Whenever a vehicle is parked in contravention of any provision of these by-laws it shall be presumed, until the contrary be proved, that it was so parked by the person registered in the records of the appropriate registering authority in terms of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance 21 of 1966), as its owner.

*Defective Vehicles.*

15. No person shall park or cause or permit any vehicle to be parked or to be or remain on any parking ground which is out of order or for any reason incapable of movement: Provided that no offence against this by-law shall be deemed to have been committed in

B en C van Bylae II hierby voorgeskryf word, in 'n parkeermeter plaas, of probeer plaas nie;

(b) 'n vals of nagemaakte muntstuk of 'n ander voorwerp in 'n parkeermeter plaas, of probeer plaas nie;

(c) aan 'n parkeermeter peuter, dit beskadig, ontsier of daarop skryf of teken, of 'n strooibiljet, aanplakbiljet, plakkaat of 'n ander stuk, of dit nou vir reklame bedoel is of nie, daarop aanbring nie, uitgesonderd 'n advertensie wat die Raad uitdruklik met die doel goedgekeur het;

(d) ander metodes aanwend of probeer aanwend om 'n parkeermeter die tydsverloop te laat registreer in stede daarvan om 'n voorgeskrewe muntstuk daarin te plaas nie;

(e) 'n parkeermeter wat nie behoorlik of glad nie werk nie, ruk, stamp, skud of op enige ander sodanige manier aan die gang probeer kry, of met enige ander doel so iets doen nie;

(f) 'n parkeermeter of 'n gedeelte daarvan van die paal of ander vaste voorwerp waaraan dit gemonteer is, verwyder of probeer verwyder nie.

*Bewys van Tydsverloop.*

12. Daar word aangeneem dat 'n parkeermeter die verloop van die tyd juis geregistreer het tensy die teendeel bewys word, en die bewyslas rus op die persoon wat beweer dat die parkeermeter die verloop van tyd onjuis geregistreer het.

DEEL IV.

ALLERLEI.

*Sluiting van Parkeerterreine.*

13.(1) Ondanks enige strydige bepaling in hierdie verordeninge vervat kan die Raad te eniger tyd 'n parkeerterrein of 'n gedeelte daarvan tydelik of blywend sluit, en die Raad moet die feit, asook die sluitingstydperk, by wyse van 'n kennisgewing wat by die ingange van die terrein, of die gedeelte daarvan wat gesluit word, na gelang van die geval, aangebring moet word, bekend gemaak.

(2) Niemand mag, terwyl 'n parkeerterrein of 'n gedeelte daarvan ingevolge subartikel (1) gesluit is, 'n voertuig daarin inbring of daar parkeer of laat parkeer, of toelaat dat dit daar geparkeer word of daar staan nie.

*Aanspreeklikheid vir Oortredings.*

14. Indien 'n voertuig strydig met 'n bepaling van hierdie verordeninge geparkeer is, bestaan daar 'n weerlegbare vermoede dat dit aldus geparkeer is deur die persoon wat in die register van die toepaslike registrasie-owerheid ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Padverkeer 1966 (Ordonnansie 21 van 1966), as die eienaar daarvan aangegee word.

*Defekte Voertuie.*

15. Niemand mag 'n voertuig wat defek is of om een of ander rede nie kan loop nie, in of op 'n parkeerterrein parkeer of laat parkeer, of toelaat dat dit daar parkeer word of daar staan nie: Met dien verstande dat, as 'n voertuig eers nadat dit in of op 'n parkeerterrein geparkeer is, meganies defek raak so-

respect of any vehicle which, after having been parked in a parking ground, develops a mechanical defect which immobilizes it if the person in control of it proves that he took reasonable steps to have the vehicle repaired or removed as soon as possible.

*Behaviour in Parking Grounds.*

16.(1) No person shall, in any parking ground —

(a) park or cause or permit to be parked or cause to be or remain, any vehicle other than a vehicle as defined in section 1;

(b) when called upon by an authorized employee to do so, fail or refuse to furnish him with his full and correct name and address;

(c) use or cause or allow any vehicle to be used for plying for hire for the conveyance of passengers or goods or both;

(d) clean, wash, or save in emergency, work on or effect repairs to any vehicle or any part thereof;

(e) drive any vehicle recklessly or negligently or without reasonable consideration for the safety or convenience of other persons;

(f) drive any vehicle at more than 20 km/h;

(g) park a vehicle otherwise than in compliance with any notice or sign displayed therein or with an instruction or direction given him by an authorized employee or introduce or remove a vehicle otherwise than through an entrance thereto or exit therefrom appointed for that purpose;

(h) so park or load a vehicle or allow anything to be on it that it obstructs other vehicles or persons or impedes their movement or is likely to do so;

(i) without reasonable cause or without the knowledge and consent of the owner or person in lawful control of a vehicle, enter or climb upon such vehicle or set the machinery thereof in motion or in any way tamper or interfere with its machinery or any other part of it or with its fittings, accessories or contents;

(j) subject to the provisions of section 8, so park any vehicle that any part of it lies across any white line forming a boundary of a demarcated space or that it is not entirely within the confines of such a space;

(k) remove, obscure, deface, damage or interfere with any notice, sign or marking erected or made by the Council, or with any other property belonging to it;

(l) do any act or introduce any thing which obstructs or is likely to obstruct the movement of persons and vehicles;

(m) with intent to defraud the Council forge, imitate, deface, mutilate, alter or make any mark upon any ticket issued in terms of these by-laws.

(2) A sign which the Council displays in a parking ground and which conforms to a road-traffic sign prescribed by the Administrator in regulations promulgated by him under the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordin-

dat dit nie kan loop nie, dit nie geag word dat die bepalings van hierdie artikel geskend is nie, mits die persoon in beheer van die voertuig bewys dat hy redelike stappe gedoen het om die voertuig so gou as moontlik te laat herstel of te laat verwyder.

*Gedrag in of op Parkeerterreine.*

16.(1) Niemand mag in of op 'n parkeerterrein —

(a) 'n voertuig, uitgesonderd 'n voertuig wat by artikel 1 omskryf word, parkeer of laat parkeer of toelaat dat dit daar geparkeer word of daar staan nie;

(b) indien 'n gemagtigde werknemer hom gelas om sy juiste naam en adres volledig aan hom te verstrek, versuim of weier om dit te doen nie;

(c) 'n voertuig vir die vervoer van passasiers of goedere of passasiers sowel as goedere te huur aanbied, laat aanbied of toelaat dat dit aldus aangebied word nie;

(d) 'n voertuig of 'n gedeelte daarvan skoonmaak, was, of uitgesonderd in 'n noodgeval, herstel of daaraan werk nie;

(e) 'n voertuig op nalatige of roekelose wyse of sonder redelike inagneming van die veiligheid of gerief van andere bestuur nie;

(f) vinniger as 20 km/h met 'n voertuig ry nie;

(g) 'n voertuig strydig met 'n kennisgewing of teken wat in of op die parkeerterrein aangebring is, of 'n opdrag of voorskrif van 'n gemagtigde werknemer, parkeer of dit deur 'n ander in- of uitgang as dié wat met hierdie doel aangewys is, daar inbring of daaruit wegneem nie;

(h) 'n voertuig op so 'n wyse parkeer of laai of toelaat dat dit so gelaai is dat dit die weg of beweging van ander voertuie of mense belemmer of versper, of dit waarskynlik kan doen nie;

(i) sonder redelike gronde of sonder die wete en toestemming van die eienaar of die persoon wat in wettige beheer van 'n voertuig is, in of op sodanige voertuig klim of die masjinerie daarvan aan die gang sit of hom op enige wyse met die masjinerie of met 'n ander deel van die voertuig of met die vaste of los toebehore of die inhoud van die voertuig, bemoei of daarmee peuter nie;

(j) behoudens die bepalings van artikel 8, 'n voertuig op so 'n wyse parkeer dat 'n gedeelte daarvan op 'n wit streep wat 'n grens van 'n afgebakende ruimte uitmaak, uitsteek, of dat dit nie geheel en al binne die grense van so 'n ruimte staan nie;

(k) 'n kennisgewing, teken of merk wat die Raad aangebring het of enige ander besitting van die Raad verwyder, verberg of bedek, ontsier, beskadig of hom daarmee bemoei nie;

(l) iets doen of iets daar inbring wat mense en voertuie se beweging belemmer of waarskynlik sal belemmer nie;

(m) met die doel om die Raad te bedrieg, 'n kaartjie wat kragtens die bepalings van hierdie verordeninge uitgereik is, vervals, namaak, ontsier, skend, verander of 'n merk daarop maak nie.

(2) 'n Teken wat die Raad in of op 'n parkeerterrein aanbring en wat ooreenstem met die padverkeersteken wat by die regulasies wat die Administrateur ingevolge

ance 21 of 1966), shall for the purpose of these by-laws bear the same significance as is given to that sign by the said regulations.

(3) Unless he is the holder of a ticket issued in terms of section 7 entitling him to do so, no person shall park a vehicle or cause or permit it to be parked in any parking ground before the beginning or after the expiry of the parking period prescribed for the parking ground in terms of Schedule I hereto.

*Damage to Vehicles.*

17. The Council shall not be liable for the loss of any vehicle or for its unlawful removal from the ground, or for damage to any vehicle or its fittings, accessories or contents while in a parking ground or for such damage if it is the consequence of its being moved in terms of section 19 or 20.

*Authorized Persons.*

18. No person shall, unless authorized thereto by the Council, enter or be in a parking ground otherwise than for the purpose of parking a vehicle therein or lawfully removing it therefrom: Provided that this section shall not apply to a person whom the person in charge of a vehicle has permitted to be a passenger therein.

*Obstruction.*

19. If a vehicle has been parked in such a position that in the opinion of an authorized employee it is likely to obstruct or impede the movement of other vehicles or persons in the parking ground, he may move it or cause it to be moved to another part of the ground.

*Abandoned Vehicles.*

20.(1) Any vehicle which has been left in the same place in a parking ground for a continuous period of more than seven days may be removed by or at the instance of an authorized employee to the Council's pound.

(2) The Council shall take alle reasonable steps to trace the owner of a vehicle removed in terms of subsection (1) and if, after the lapse of ninety days from the date of its removal the owner or other person entitled to its possession cannot be found, the vehicle may, subject to the provisions of subsection (3), be sold by public auction.

(3) Fourteen days' notice of an auction sale to be held in terms of subsection (2) shall be published in at least one English and one Afrikaans newspaper circulating in the municipality, but the sale shall not be proceeded with if at any time before purchase of the vehicle it is claimed by the owner or any other person authorized by him or otherwise lawfully entitled to claim it and all charges payable in respect thereof in terms of these by-laws and all costs referred to in subsection (4) have been paid to the Council.

(4) The proceeds of a sale concluded in terms of this section shall be applied first in payment of the charges referred to in subsection (3) and in satisfaction of the following costs:

die bepalings van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966), afgekondig het, voorgeskryf word, het vir die toepassing van hierdie verordeninge dieselfde betekenis as wat by genoemde regulasies daaraan geheg word.

(3) Niemand mag voor die aanvang of na die verstryking van die parkeertermyn wat ingevolge Bylae I hierby ten opsigte van 'n parkeerterrein voorgeskryf word, 'n voertuig in of op dié parkeerterrein parkeer, laat parkeer of toelaat dat dit gedoen word nie, tensy hy die houer is van 'n kaartjie wat ingevolge artikel 7 uitgereik is en wat aan hom die reg verleen om dit te doen.

*Beskadiging van Voertuie.*

17. Die Raad is nie aanspreeklik vir die verlies van 'n voertuig, of vir die onregmatige verwydering daarvan uit die parkeerterrein, of vir die beskadiging van 'n voertuig of die vaste of los toebehore of inhoud daarvan terwyl dit in of op 'n parkeerterrein staan nie, selfs al is die skade ook berokken omdat die voertuig ingevolge artikels 19 en 20 verskuif is.

*Gemagtigde Persone.*

18. Niemand mag, tensy die Raad hom daartoe gemagtig het, 'n parkeerterrein binnegaan of betree of daarin of daarop wees nie, uitgesonderd met die doel om 'n voertuig daarin of daarop te parkeer of om dit wettiglik daaruit te verwyder: Met dien verstande dat hierdie artikel nie van toepassing is op iemand wat met toestemming van die persoon in beheer van 'n voertuig 'n insittende in dié voertuig is nie.

*Belemmering.*

19. Indien 'n voertuig so geparkeer is dat dit na die mening van 'n gemagtigde werknemer moontlik ander voertuie of persone se weg in of op die parkeerterrein kan belemmer of versper, kan dié werknemer dit na 'n ander deel van die terrein verskuif of laat verskuif.

*Verlate Voertuie.*

20.(1) 'n Voertuig wat sewe dae of langer aaneen op dieselfde plek in of op 'n parkeerterrein staan, kan deur of in opdrag van 'n gemagtigde werknemer na die Raad se skut geneem word.

(2) Die Raad moet alle redelike stappe doen om die eienaar van 'n voertuig, wat ingevolge subartikel (1) verwyder is, op te spoor en as die eienaar of iemand anders wat aanspraak op die besit van die voertuig het, nie binne negentig dae na die datum waarop die voertuig aldus verwyder is, opgespoor kan word nie, kan die voertuig behoudens die bepalings van subartikel (3), per openbare veiling verkoop word.

(3) Daar moet in minstens een Engelse en een Afrikaanse nuusblad wat in die munisipaliteit versprei word, veertien dae vooraf kennis gegee word van 'n veiling wat ingevolge subartikel (2) gehou gaan word, maar so 'n voertuig mag nie verkoop word nie as dit te eniger tyd voordat dit verkoop is, opgeëis word deur die eienaar of iemand wat deur hom daartoe gemagtig is of wat andersins wettiglik daarop geregtig is om dit op te eis, en as alle bedrae wat ingevolge hierdie verordeninge ten opsigte van die voertuig verskuldig is, en al die koste waarvan daar in subartikel (4) melding gemaak word, aan die Raad betaal is.

(4) Die opbrengs van 'n koop wat ingevolge hierdie artikel gesluit is, moet in die eerste plek aangewend word ter betaling van die bedrae waarvan daar in subartikel (3) melding gemaak word, asook ter dekking van die volgende koste:

(a) The costs incurred in endeavouring to trace the owner in terms of subsection (2).

(b) The costs of removing the vehicle and advertising and effecting its sale.

(c) The costs of keeping the vehicle in the pound which shall be calculated at the rate of 50c per day up to a maximum of 120 days,

and any balance of the proceeds shall be paid to the owner of the vehicle or any person lawfully entitled to receive it on his behalf upon his establishing his right thereto to the satisfaction of the Council: Provided that if no claim be so established within one year of the date of the sale, such balance shall be forfeited to the Council.

(5) The exercise by the Council, or any person acting on its behalf, of the powers conferred by this section shall not subject it or him to any liability in respect of the loss or theft of or damage to the vehicle or any part thereof or anything therein or relieve any person of the consequences of his contravention of any provision of these by-laws.

*Refusal for Admission.*

21.(1) It shall be in the discretion of a duly authorized employee to refuse to admit to a parking ground a vehicle which with or without any load is by reason of its length, width or height likely to injure persons or cause damage to property or to cause an obstruction or undue inconvenience.

(2) A person in control of a vehicle who, having been refused admission in terms of subsection (1), proceeds to drive it into a parking ground, shall be guilty of an offence.

*Offences.*

22. Any person who contravenes or causes or permits a contravention of any provision of these by-laws shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R100, and in respect of every day or part thereof during which the offence continues he shall be guilty of a separate offence and liable to a fine not exceeding R50: Provided that the total fine payable in respect of any one such continuing offence shall not exceed R100 in addition to the fine imposed for the original offence.

SCHEDULE I.

| | Parking Periods |
|---|---|
| 1. Town Hall Parking Garage: | |
| Monday to Friday ... ... ... ... ... ... | 07h00 — 19h00 |
| Saturday ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 07h00 — 13h30 |
| 2. Theatre Parking Garage: | |
| Monday to Friday ... ... ... ... ... ... | 07h00 — 19h00 |
| Saturday ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 07h00 — 13h30 |
| 3. Library Parking Garage: | |
| Monday to Friday ... ... ... ... ... ... | 07h00 — 19h00 |
| Saturday ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 07h00 — 13h30 |

(a) Die koste wat aangegaan is in 'n poging om die eienaar ingevolge subartikel (2) op te spoor.

(b) Die koste daaraan verbonde om die voertuig te verwyder en om die veiling waarop dit verkoop word, te adverteer en te hou.

(c) Die koste daaraan verbonde om dit in die skut te hou, wat bereken word teen 50c per dag vir 'n maksimumtydperk van 120 dae,

en die saldo van die opbrengs moet aan die eienaar van die voertuig of iemand wat dit wettiglik namens die eienaar kan ontvang en wat sy reg daartoe tot voldoening van die Raad bewys het, betaal word: Met dien verstande dat, as geen eis binne 'n jaar na die veilingsdatum aldus ingestel word nie, die saldo aan die Raad toeval.

(5) Die feit dat die Raad of iemand namens hom, die bevoegdhede wat by hierdie artikel aan die Raad verleen word, uitoefen, bring nie mee dat die Raad of dié persoon aanspreeklik is vir die verlies, diefstal of beskadiging van die voertuig of enige deel daarvan of enigiets daarin, of dat iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree het, die gevolge van sy oortreding kwytgeskeld word nie.

*Toegang kan Belet word.*

21.(1) 'n Behoorlik-gemagtigde werknemer kan na goeddunke weier om 'n voertuig wat met of sonder 'n vrag daarop, so lank, breed of hoog is dat dit waarskynlik mense sal beseer, eiendom sal beskadig, die weg sal belemmer of onnodige ongerief sal veroorsaak, in of op 'n parkeerterrein toe te laat.

(2) Indien daar aan iemand in beheer van 'n voertuig ingevolge subartikel (1) toegang belet word, en hy desondanks nog in die parkeerterrein inry, begaan hy 'n misdryf.

*Strafbepaling.*

22. Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of wat iemand anders gelas of toelaat om dit te doen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100. Hy begaan voorts, ten aansien van elke dag of gedeelte van 'n dag wat dié oortreding voortduur 'n afsonderlike misdryf en is weens elke misdryf soos voornoem strafbaar met 'n boete van hoogstens R50: Met dien verstande dat die totale boete vir so 'n voortdurende misdryf, hoogstens R100 is, benewens die boete wat vir die oorspronklike misdryf opgelê is.

BYLAE I.

| | Parkeertermyne |
|---|---|
| 1. Stadsaal Parkeergarage: | |
| Maandag tot Vrydag ... ... ... ... | 07h00 — 19h00 |
| Saterdag ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 07h00 — 13h30 |
| 2. Teater Parkeergarage: | |
| Maandag tot Vrydag ... ... ... ... | 07h00 — 19h00 |
| Saterdag ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 07h00 — 13h30 |
| 3. Biblioteek Parkeergarage: | |
| Maandag tot Vrydag ... ... ... ... ... | 07h00 — 19h00 |
| Saterdag ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 07h00 — 13h30 |

## SCHEDULE II.

### PART A.

Town Hall Parking Garage, per month: R13.

### PART B.

1. Theatre Parking Garage, per hour: 15c.
